



Growing literacy

Each year on 8 September the world celebrates International Literacy Day. On this day, we recommit ourselves to working towards making illiteracy a thing of the past, in South Africa and across the world.

So, what progress have we made with literacy in South Africa? In 2017, the latest PIRLS results were released and it wasn't good news! This research showed that 78% of South African Grade 4 children cannot read for meaning in any language. That's 8 out of every 10 children! And the South African Book Development Council's reading survey didn't paint a bright picture either. It showed that only 6% of us read to our children and only 5% of us tell our children stories!

It is easy to feel hopeless in the face of this news, but we don't have to. There is one very simple but powerful thing we can do to help change the picture: read aloud to children!

If all adults read to the children in their lives for 15 minutes every day, children would grow up being surrounded by stories at home and at school. They would grow up seeing reading as a satisfying and enjoyable activity and be motivated to read for themselves.

Join us in growing a nation of readers by committing to reading to the children in your life for 15 minutes every day!

What we mean by reading aloud

What reading aloud is

- ✓ adults read while children listen for enjoyment
- ✓ adults read to children so that they can enjoy stories and books
- ✓ adults choose books that interest children
- ✓ children also have opportunities to choose the books
- ✓ children are encouraged to ask questions
- ✓ adults ask questions that help children connect to stories

... and isn't

- ✗ children read aloud so that adults can assess them
- ✗ children read aloud to practise their reading
- ✗ adults choose books that they think are "right" for children
- ✗ adults always decide which books children should read
- ✗ children only ever answer questions about stories
- ✗ adults ask questions that require children to remember "facts" from the story

Ontwikkel geleterdheid

Elke jaar op 8 September vier die wêreld Internasionale Geleterdheidsdag. Op hierdie dag verbind ons onself van voor af daartoe om te werk om ongeleterdheid iets van die verlede te maak, in Suid-Afrika en oor die hele wêreld.

Watter vordering het ons met geleterdheid in Suid-Afrika gemaak? In 2017 is die jongste PIRLS-resultate vrygestel en dit was nie goeie nuus nie! Hierdie navorsing het getoon dat 78% van Suid-Afrikaanse Graad 4-kindere nie met begrip in enige taal kan lees nie. Dit is 8 uit elke 10 kindere! En die South African Book Development Council se leesopname het ook nie 'n beter prentjie geskilder nie. Dit het getoon dat slegs 6% van ons vir ons kindere lees, en dat slegs 5% van ons vir ons kindere stories vertel!

Dit is maklik om wanhopig te voel wanneer ons hierdie nuus hoor, maar dit hoef nie so te wees nie. Daar is een baie eenvoudige, maar kragtige ding wat ons kan doen om die prentjie te verander: lees hardop vir kindere!

As alle volwassenes elke dag 15 minute lank vir die kindere in hul lewens lees, sal kindere grootword met stories oral om hulle – tuis en by die skool. Hulle sal grootword en lees as 'n bevredigende en genotvolle aktiwiteit sien en gemotiveer wees om self te lees.

Sluit by ons aan om 'n nasie van lesers te bou deur jou daartoe te verbind om elke dag 15 minute lank vir die kindere in jou lewe te lees!

Wat ons bedoel met hardop lees

Wat hardop lees is

- ✓ volwassenes lees terwyl kindere vir genot luister
- ✓ volwassenes lees vir kindere sodat hulle stories en boeke kan geniet
- ✓ volwassenes kies boeke waarin kindere belangstel
- ✓ kindere het ook geleentheid om die boeke te kies
- ✓ kindere word aangemoedig om vrae te vra
- ✓ volwassenes vra vrae wat kindere help om met stories te identifiseer

... en nie is nie

- ✗ kindere lees hardop sodat volwassenes hulle kan assesseer
- ✗ kindere lees hardop om te oefen om te lees
- ✗ volwassenes kies boeke wat hulle dink "reg" is vir kindere
- ✗ volwassenes besluit altyd watter boeke kindere behoort te lees
- ✗ kindere beantwoord altyd vrae oor stories
- ✗ volwassenes vra vrae wat vereis dat kindere "feite" uit die storie onthou

INSIDE!

- ★ A bilingual poster on page 2 to help you create a print-rich environment for your children.
- ★ A special story to celebrate International Literacy Day (pages 14 and 15).

BINNE!

- ★ 'n Tweetalige plakkaat op bladsy 2 om jou te help om 'n omgewing wat ryk is aan gedrukte woorde vir jou kindere te skep.
- ★ 'n Spesiale storie om Internasionale Geleterdheidsdag te vier (bladsye 14 en 15).



Drive your
imagination

Join us. Share stories in your
language every day.
Sluit by ons aan. Deel elke dag
stories in jou taal.



5 tips for growing readers

1. Read, read and read to children. It's the best way to help children become readers themselves.
2. Be a reader. Children need to see adults reading.
3. Fill your home or classroom with reading material.
4. Let children choose books they want to read.
5. Talk to children about the books they enjoy reading.

5 maniere om lesers te kweek

1. Lees, lees en lees vir kinders. Dit is die beste manier om kinders te help om self lesers te word.
2. Wees 'n leser. Kinders moet grootmense sien lees.
3. Vul jou huis of klaskamer met leesmateriaal.
4. Laat kinders boeke kies wat hulle wil lees.
5. Gesels met kinders oor die boeke wat hulle geniet om te lees.



Story ideas for different subjects



Storie-idees vir verskillende vakke

Have you thought about how to use stories to strengthen children's learning in different subjects? Here are some ideas for doing this in subjects other than languages.

- Bring History to life by reading stories about events that happened in the past. Stories about great discoveries and the lives of scientists, doctors, leaders and inventors provide role models as well as information.
- Traditional stories are a wonderful way to get to know how people from different places and a different time understood the world around them.
- Read a story that is set in another country and then let the children use the Internet and information books to find out more about this country.
- Let the children use maps and/or atlases to find the places they read about in stories or to trace the journey of a story character.
- Many children face challenging situations, like being on the receiving end of prejudice, or the death of a loved one, or divorce. Stories give us a great starting point to discuss things that form part of Life Skills/ Life Orientation that are sometimes difficult to talk about. Asking open-ended questions about a story offers a safe way for children to think and talk about their personal concerns, emotions or ideas. Stories can help children to better understand a challenging situation, discover how to cope with it and explore what options are available to them.
- Stories offer lots of visual art opportunities. For example, children can draw and paint pictures inspired by the story to illustrate parts of the story, or make models of scenes from the story using clay or recycled waste materials.
- You can help develop children's number concept by writing a summary of the events in a story, using a separate strip of paper for each event. Stick these on the chalkboard in random order and then ask the children to sequence the events in the order that they occurred in the story. Then talk about the events asking which one happened first, next and last. Or which event came before or after another.
- Let children learn about measurement by asking them to use the information in a story to work out how tall a character or creature might have been.
- Stories can be linked to concepts in Technology. Ask the children to create recipes to suit a story's characters – a giant, a pirate or a king. Or ask them to build a model of a house made of straw or sticks, or a palace made of sweets!

Het jy al gewonder hoe om stories te gebruik om leer in verskillende vakke vas te lê? Hier volg 'n paar idees om dit in vakke wat nie tale is nie, te doen.

- Maak Geskiedenis lewendig deur stories te lees oor gebeure uit die verlede. Stories oor groot ontdekkings en die lewens van wetenskaplikes, dokters, leiers en uitvinders bied rolmodelle en inligting.
- Tradisionele stories is 'n wonderlike manier om uit te vind hoe mense van verskillende plekke en uit 'n ander tyd die wêreld om hulle verstaan het.
- Lees 'n storie wat in 'n ander land afspeel, en laat die kinders dan die internet en feiteboeke gebruik om meer oor hierdie land uit te vind.
- Laat die kinders kaarte en/of atlasse gebruik om die plekke te vind waarvan hulle in stories lees, of om die reis van 'n storiekarakter te volg.
- Baie kinders kom voor groot uitdagings te staan, soos om aan die ontvangkant van vooroordeel te wees, of die dood van 'n geliefde, of egskeiding. Stories bied vir ons 'n vertrekpunt om dinge te bespreek wat deel vorm van Lewensvaardighede/Lewensoriëntering, en wat soms moeilik is om oor te gesels. Wanneer jy vrae met oop eindes oor 'n storie vra, bied jy kinders 'n veilige manier om oor hul persoonlike bekommernisse, emosies of idees te dink en te praat. Stories kan kinders help om 'n uitdagende situasie beter te verstaan, om te ontdek hoe om dit te hanteer en om die opsies wat beskikbaar is, te verken.
- Stories bied baie geleenthede vir visuele kuns. Kinders kan byvoorbeeld prente teken en verf wat deur die storie geïnspireer is om dele van die storie te illustreer, of hulle kan klei of herwinde afvalmateriaal gebruik om modelle van tonele in die storie te bou.
- Jy kan kinders se getalkonsept ontwikkel deur 'n opsomming van die verskillende gebeure in 'n storie op aparte stroke papier te skryf. Plak dan die stroke in die verkeerde volgorde op die bord en vra jou kinders om dit in die regte volgorde te rangskik volgens die gebeure in die storie. Gesels dan oor die gebeure en vra watter een eerste, volgende en laaste gebeur het. Of watter gebeurtenis voor of na 'n ander plaasgevind het.
- Laat kinders van meting leer deur hulle te vra om die inligting in 'n storie te gebruik om uit te werk hoe lank 'n karakter of dier dalk was.
- Stories kan aan konsepte in Tegnologie gekoppel word. Vra die kinders om resepte te skep om by 'n storie se karakters te pas, soos vir 'n reus, seerower of 'n koning. Of vra hulle om 'n model van 'n huis wat van strooi of pale, of 'n paleis wat van lekkers gemaak is, te bou!

Make reading for enjoyment part of your school! For more information and guidance on how to do this, go to www.storypoweredschools.org.



Maak lees vir genot deel van jou skool! Vir meer inligting en leiding oor hoe om dit te doen, gaan na www.storypoweredschools.org.

Putting stories at the heart of your school ★ Laat stories eerste staan in julle skool

Will you be South Africa's next Story Bosso?

Story Bosso is Nal'ibali's annual multilingual storytelling talent search. It takes place across the nation this September! To celebrate South Africa's rich heritage of storytelling, Nal'ibali invites all South Africans – young and old – to have fun telling and sharing stories in any of the country's 11 official languages.

Enter this exciting talent search and stand a chance of winning fantastic prizes as well as being crowned the Story Bosso of 2018! To find out more, visit: www.nalibali.org or www.nalibali.mobi.



Gaan jy Suid-Afrika se volgende Story Bosso wees?

Story Bosso is Nal'ibali se jaarlikse veeltalige storievertel-talentkompetisie. Dit vind hierdie September oor die hele land plaas! Om Suid-

Afrika se ryk erfenis van stories vertel te vier, nooi Nal'ibali alle Suid-Afrikaners – jonk en oud – om dit te geniet om stories in enige van die land se 11 amptelike tale te vertel en te deel.

Skryf in vir hierdie opwindende talentkompetisie en staan 'n kans om fantastiese pryse te wen en ook gekroon te word as die Story Bosso van 2018! Om meer uit te vind, gaan na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi.



Get story active!

Here are some ideas for using the two cut-out-and-keep picture books, *The missing ball* (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12) and *When it rains* (pages 9 and 10), as well as the Story Corner story, *Message in a bottle* (page 14). Choose the ideas that best suit your children's ages and interests.



The missing ball

Gaps and his cousin, Sugarbean, want to play a game of soccer before sundown, but they can't find their soccer ball!



- ✿ As you read the story to your children, stop and ask questions or make comments that encourage them to look closely at the details in the story. Here are some examples for the first part of the story.
 - ☉ **Page 4:** Can you see the ball? What do you think Gogo is doing?
 - ☉ **Page 5:** What is Gogo doing now?
 - ☉ **Page 7:** Look, I can see a bit of the ball there.
 - ☉ **Pages 8 and 9:** Look at Sugarbean sitting on the bench. How do you think she feels? Why?
- ✿ Discuss with your children what ball games they enjoy playing. Play some of them together. Then suggest that they draw a picture of themselves playing their favourite ball game in the moonlight – just like the calves in the story did.

When it rains

This book describes the joy of people and nature at the return of rain. It is written and illustrated by one of Africa's well-known writers, Véronique Tadjo from Côte d'Ivoire.



- ✿ Before you read the story, ask your children if they enjoy the rain and why they think rain is important.
- ✿ After you have read the story, read page 3 again and invite your children to use their hands and/or feet to make the sound of a dark cloud bursting open and the rain beginning to fall. Can they make the sound of the rain getting heavier and heavier, and then gradually getting lighter until it stops?
- ✿ Ask your children to think about what they would say to the rain if it were a person. Suggest that they use their ideas to write a poem about rain or a letter to the rain!
- ✿ Give your children large sheets of paper. Let them paint the paper with water before painting a picture about the story.

Message in a bottle

International Literacy Day story

Chiku and her brother, Jabali, put a message in a glass bottle and then toss it into the ocean at Mombasa in Kenya. The bottle and its message travel all the way down to Umgababa off the coast of KwaZulu-Natal where Sandile finds it. And that is how a friendship begins!



- ✿ After you have read the story, show your children a map of Africa and let them trace the bottle's journey from Mombasa to Umgababa. Then encourage them to draw their own maps that show the journey and all or some of the animals that came across the bottle on its way to Umgababa. (You may want to show them pictures of the animals in the story before they begin drawing.)
- ✿ Ask your children to imagine that they are going to put a message in a bottle. What would their message say? Suggest that your children write their messages – and don't forget to write one too!

Raak doenig met stories!

Hier is 'n paar idees om die twee knip-uit-en-bêreboekies, *Die verlore bal* (bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12) en *Wanneer dit reën* (bladsye 9 en 10), asook die Storiehoekie-storie, *Boodskap in 'n bottel* (bladsy 15) te gebruik. Kies die idees wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.

Die verlore bal

Noenie en sy niggie, Suikerboontjie, wil sokker speel voor die son sak, maar hulle kan hul sokkerbal nêrens kry nie!

- ✿ Terwyl jy die storie vir jou kinders lees, stop en vra vroe of maak opmerkings wat hulle aanmoedig om goed na die detail in die storie te kyk. Hier is voorbeelde uit die eerste deel van die storie.
 - ☉ **Bladsy 4:** Kan julle die bal sien? Wat dink julle doen Ouma?
 - ☉ **Bladsy 5:** Wat doen Ouma nou?
 - ☉ **Bladsy 7:** Kyk, ek kan 'n stukkie van die bal daar sien uitsteek.
 - ☉ **Bladsye 8 en 9:** Kyk na Suikerboontjie wat op die bankie sit. Hoe dink julle voel sy? Hoekom?
- ✿ Bespreek met jou kinders watter balspeletjies hulle geniet. Speel saam van die speletjies. Stel dan voor dat hulle 'n prent van hulself teken wat hul gunsteling-balspeletjie in die maanlig speel – net soos wat die kalfies in die storie gedoen het.

Wanneer dit reën

Hierdie boek beskryf die vreugde van mense en die natuur wanneer die reën terugkeer. Dit is deur een van Afrika se bekendste skrywers, Véronique Tadjo, van die Ivoorkus, geskryf en geïllustreer.

- ✿ Voor jy die storie lees, vra jou kinders of hulle die reën geniet en waarom hulle dink dat reën belangrik is.
- ✿ Nadat jy die storie gelees het, lees weer bladsy 3 en nooi jou kinders om hul hande en/of voete te gebruik om die geluid te maak van 'n donker wolk wat oopbreek en die reën wat begin val. Kan hulle die geluid maak van die reën wat harder en harder val en dan geleidelik sagter en sagter totdat dit ophou?
- ✿ Vra jou kinders om te dink wat hulle vir die reën sou sê as dit 'n mens was. Stel voor dat hulle hul idees gebruik om 'n gedig oor reën of 'n brief aan die reën te skryf!
- ✿ Gee vir jou kinders groot velle papier. Laat hulle die papier met water verf voordat hulle 'n prent van die storie verf.

Boodskap in 'n bottel

Storie vir Internasionale Geletterdheidsdag

Chiku en haar broer, Jabali, sit 'n boodskap in 'n glasbottel en gooi dit in die see by Mombasa in Kenia. Die bottel met die boodskap reis al die pad af tot by Umgababa aan die kus van KwaZulu-Natal waar Sandile dit vind. En dit is hoe 'n vriendskap begin!

- ✿ Nadat jy die storie gelees het, wys vir jou kinders 'n kaart van Afrika en laat hulle die bottel se reis van Mombasa na Umgababa natrek. Moedig hulle dan aan om hul eie kaarte te teken om die reis en sommige van, of al die diere te wys wat die bottel teëkom op pad na Umgababa. (Jy sal dalk vir hulle prente van die diere in die storie wil wys voordat hulle begin teken.)
- ✿ Vra jou kinders om hulle voor te stel dat hulle 'n boodskap in 'n bottel gaan sit. Wat sal hul boodskap sê? Stel voor dat jou kinders hul eie boodskappe skryf – en moenie vergeet om ook een te skryf nie!

Create TWO cut-out-and-keep books

When it rains

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

The missing ball

1. To make this book use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

Wanneer dit reën

1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.

Die verlore bal

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.



Drive your imagination



“Don’t worry. I’ll help you find your ball,” he said. So the two calves went off together, to find the ball.

“Toemaar, ek sal jou help om die bal te kry,” sê hy. En daar trek die twee kalfies op soek na die bal.



Then she saw Gaps, still waiting under the tree. Toe sien sy vir Noenie, wat nog steeds onder die boom wag.




We publish what we like

This is an adapted version of *The missing ball* published by Jacana Media and available in bookstores and online from www.jacana.co.za. This story is available in English, Afrikaans, isiXhosa and isiZulu. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to www.jacana.co.za.

Hierdie is ’n aangepaste weergawe van *Die verlore bal*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.jacana.co.za. Hierdie storie is beskikbaar in Engels, Afrikaans, isiXhosa en isiZulu. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na www.jacana.co.za.

© Jacana Media (World rights) Tel: 011 628 3200

Nal’ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal’ibali is ’n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil ’n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi




The missing ball Die verlore bal



Maryanne Bester
Shayle Bester
Karen de Wet



But ... it wasn't her missing ball! It was a baobab fruit! Close up to it, she could see that it looked very different.
Maar ... dis nie haar verlore bal nie! Dis 'n krenmetart! Toe sy naby kom, sien sy dit lyk eintlik baie anders as haar bal.



Gaps the Nguni calf stood under a big tree. He was waiting for his cousin Sugarbean to find her new soccer ball.
Noenie die Ngunikalfie staan onder 'n groot boom. Hy wag vir sy niggie, Suikerboontjie, wat haar nuwe sokkerbal seek.

A little way off, they saw Mkhulu Nguni Bull playing marabaraba with his friends. What was he sitting on? He was sitting on Sugarbean's missing ball!
'n Entjie verder sien hulle Oupa Ngunibul waar hy saam met sy vriende marabaraba speel. En waarop sit hy? Hy sit op Suikerboontjie se verlore ball



At last the calves could play their soccer game! They kicked the ball all the way home in the moonlight, happy now their search was over!
Uiteindelik kan die kalfies nou sokker speel! Die hele pad huis toe, skop hulle die bal in die maanlig – baie bly dat die soektog nou verby is!





“Look. There’s your ball,” said Auntie, pointing up into a tree. Sugarbean looked high in the branches of a baobab tree was the missing ball!

“Kyk, daars jou bal” sê Tannie en wys na die boom. Suikerboontjie kyk. Hoog bo in die takke van die kremetartboom hang die verlore bal



But Sugarbean couldn’t find her ball anywhere inside the house. She really wanted to play at least one game of soccer before sunset! But where was that ball?

Maar Suikerboontjie kry haar bal net mooi nêrens in die huis nie. Sy wil regtig baie graag nog een laaste spel sokker speel voor die son ondergaan. Maar waar is daai bal?



But ... it wasn’t Sugarbean’s missing ball! Mkhulu was sitting on a fat, white sack of mealie meal!

Maar ... dis nie Suikerboontjie se verlore bal nie. Oupa sit op ’n vet, wit sak mielie-meel!



And then they saw it. You guessed it! The missing ball was in Sugarbean’s backpack! It had been in there all along! This time there was no mistake.

En daar sien hulle dit! Ja, reg geraai! Die verlore bal is in Suikerboontjie se rugsak! Waar dit nog heeldyd was! Hierdie keer maak hulle nie weer ’n fout nie.

Maar . . . dis nie haar verlore bal nie! Dis die bokant van Tannie Ngunikoei se groot wit hoed!




Perhaps someone had left it outside. She went to look. Ah, there it was – in the melon patch! The top of it was peeping out of Gogo’s tin bath.

Miskien het iemand dit buite gelos. Sy sal gou gaan kyk. Aha! Daar’s dit – in die spanspektuin! Die boonste deel van die bal loer by Ouma Nguni se sinkbad uit.



Toe sien die kalbes vir Mama Ngunikoei wat op pad rivier toe is. Hulle loop saam met haar. Miskien is die bal daar.



Then the calves saw Mama Nguni Cow walking towards the river. They went with her. Perhaps the ball was there.



Suddenly they saw the cattle egret. He was flapping his wings and running towards them. “Sugarbean! I’ve been trying to tell you that your ball is right behind you!”

Skielik sien hulle vir vee-reier. Hy klap sy vlerke en hardloop na hulle toe. “Suikerboontjie! Ek probeer jou heeltyd sê: die bal is reg agter jou!”

Trees are heavy
with fruit.
Die bome dra
baie vrugte.



The fields
look beautiful.
Die landerye
lyk pragtig.

Cows give plenty
of rich and creamy
milk. Hens lay big
yellow eggs.
Die koeie gee baie
ryk, romerige melk.
Die hennes lê groot
geel eiers.



A group of children
jump, swim and play
in the stream. On the
big river, the fishermen
catch many silvery fish.
'n Klop kinders
spring, swem en speel
in die stroom. Die
vissermanne op die
groot rivier vang baie
silwer visse.

When it rains Wanneer dit reën



Véronique Tadjo
Marie Gerber




Reproduced by kind permission of The Little Hands Trust and the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA). To find out more about PRAESA, go to www.praesa.org.za.

Gereproduseer met die goedgunstige toestemming van The Little Hands Trust en die Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA). Om meer uit te vind oor PRAESA, gaan na www.praesa.org.za.



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



It is the dry season.
Trees have no more leaves. People are thirsty, and so are the animals.

Dit is die droë seisoen.
Die bome het nie meer blare nie. Die mense is dors, en die diere ook.

The rains have come back!

Die reën het weer gekom!

Lightning explodes in the sky. A huge dark cloud bursts open and drops of rain start to fall.

Skieitlik flits die weerlig deur die lug. 'n Groot swart wolk bars oop en die eerste reëndruppels val.

People fall asleep feeling satisfied.

Mense slaap lekker, want hulle is gelukkig.




But ... it wasn't her missing ball! It was the top of
Auntie Nguni Cow's big, white hat!

Ah yes! They could see a wet ball floating in the river!
Aha! Ja! Daar sien hulle die nat bal in die rivier dryf!



It was just the moon, rising in the sky.
Sugarbean was sad. Where was that ball?

Dis net die maan wat in die lug opdryf.
Suikerboontjie is hartseer. Waar kan die bal
tog wees?



But ... it wasn't her missing ball! It was a
big, white melon! "Don't worry. Your ball is
somewhere," said Gogo.

Maar ... dis nie haar verlore bal nie! Dis 'n
groot, wit spanspek! "Toemaar, jou bal is wel
iewers," sê Ouma.




Sugarbean stood at the window and took a big bite. Just then, she saw her ball lying on the stoep bench.

Suikerboontjie gaan staan by die venster en vat 'n groot hap. En daar sien sy haar bal op die stoepbank lê.



But ... it wasn't Sugarbean's missing ball! It was a smooth, white river stone. Mama placed her washing on the stone and began to scrub. The calves were beginning to lose heart.

Maar ... dis nie Suikerboontjie se verlore bal nie! Dis 'n gladdie, wit rivierklip. Mama sit haar wasgoed op die klip en begin skrop.



She cut a juicy slice of melon for Sugarbean.

Sy sny 'n sappige stuk spanspek vir Suikerboontjie.



"There it is," said Gaps looking up. But again ... it wasn't the missing ball at all!

"Daar's dit!" sê Noenie toe hy opkyk. Maar weer eens ... is dit glad nie die verlore bal nie!

Nal'ibali news

Over the past six years, the annual Puku Story Festival held in Grahamstown has been an exciting event intended to spark children's interest in storytelling and reading in isiXhosa. The festival has also provided an opportunity to showcase and celebrate the work of storytellers, writers and artists, especially in African languages.

This year the Puku Story Festival celebrated South African children's author and storyteller, Gcina Mhlophe. Gcina's play, "Have you seen Zandile?" was translated into isiXhosa by Dr Hleze Kunju and performed twice a day by local actors in a packed auditorium.

A highlight of the festival was an exhibition of children's literature curated by the National English Literary Museum (NELM). There were 566 children from ten surrounding schools who visited the museum to view the exhibition, where they were also entertained by storytellers such as Basil Mills, Cebo Solombela, Mbulelo Bokwe, Madoda Ndlakuse and Babalwa Kona. Other attractions included book launches and readings, as well as open mic sessions where learners and other local artists performed praise poetry and songs.

At the nearby Fingo Library, children and parents enjoyed a comedy show, poetry, storytelling and readings, and face painting!

Nal'ibali was represented by Abongile Davani and Madoda Ndlakuse, our Literacy Mentors in the Eastern Cape. They gave a fun-filled presentation on reading clubs which highlighted the important role that storytelling and reading for enjoyment play in education and children's development.

At the end of the three days, Puku announced that its new mission did not include another festival. But as Gcina Mhlophe tweeted: "Puku Story Festival 2018 may be over, but the stories never are."



Puku

There were plenty of books for children to enjoy!

Daar was volop boeke vir kinders om te geniet!



Nal'ibali-nuus

Die afgelope ses jaar was die jaarlikse Puku Story Festival wat in Grahamstad gehou is 'n opwindende gebeurtenis wat bedoel is om kinders se belangstelling in storievertelling en lees in isiXhosa te laat vlam vat. Die fees bied ook 'n geleentheid om die werk van storievertellers, skrywers en kunstenaars, veral in Afrika-tale, ten toon te stel en te vier.

Hierdie jaar het die Puku Story Festival die Suid-Afrikaanse kinderboekskrywer en storieverteller, Gcina Mhlophe, gevier. Gcina se toneelstuk, "Have you seen Zandile?" is deur dr. Hleze Kunju in isiXhosa vertaal en twee keer per dag deur plaaslike akteurs in 'n volgepakte auditorium opgevoer.

'n Hoogtepunt van die fees was 'n uitstalling van kinderliteratuur onder kuratorskap van die National English Literary Museum (NELM). Daar was 566 kinders van tien omliggende skole wat die museum besoek het om na die uitstalling te kom kyk, waar hulle ook vermaak is deur storievertellers soos Basil Mills, Cebo Solombela, Mbulelo Bokwe, Madoda Ndlakuse en Babalwa Kona. Ander trekpleisters het boekbekendstellings en voorlesings ingesluit, asook oopmikrofoon-sessies, waar leerders en ander plaaslike kunstenaars prysgedigte en liedjies opgevoer het.

By die nabygeleë Fingo-biblioteek het kinders en ouers 'n komedie-opvoering, voorlesing van gedigte en stories, en gesigverfsessies geniet!

Nal'ibali is verteenwoordig deur Abongile Davani en Madoda Ndlakuse, ons Geletterdheidsmentors in die Oos-Kaap. Hulle het 'n aanbieding propvol pret oor leesklubs gegee, en die belangrike rol beklemtoon wat die vertel van stories en lees vir genot in opvoeding en kinders se ontwikkeling speel.

Aan die einde van die drie dae het Puku aangekondig dat hul nuwe missie nie nog 'n fees insluit nie. Maar soos Gcina Mhlophe getwiet het: "Puku Story Festival 2018 mag klaar wees, maar die stories sal nooit wees nie."



Puku

Nal'ibali's Madoda Ndlakuse with some of the children at the festival.

Nal'ibali se Madoda Ndlakuse met van die kinders by die fees.




Puku

Storytelling was enjoyed by children and adults.

Kinders en grootmense het die storievertelling geniet.

Message in a bottle

By Joanne Bloch ★ Illustrations by Jiggs Snaddon-Wood



It was late afternoon. Chiku and her brother, Jabali, stood on the beach near their home in Mombasa. Big green waves crashed in front of them.

"Are you ready?" asked Jabali.

"Yes!" said Chiku.

Jabali took a deep breath, lifted his arm and flung the glass bottle far out into the sea. It flew across the foamy waves, glinting in the sunlight. Chiku and Jabali grinned at each other as they turned and walked home.

"How long do you think it will take?" asked Chiku.

"I don't know!" answered her brother. "You may have to wait a long, long time, but somebody will find it! Just wait and see."

The bottle bobbed on the water for many weeks. Once a big fish swam right up to it. "Hmmm," she said. "There's something inside this hard bubble ... it's white with black squiggles on it. I wonder what it is?"

WOOSH! Suddenly a school of tiny silver fish swam past right under her. The big fish forgot all about the bottle. "How lucky," she chuckled as she swam after the silver fish, "my lunch has arrived!"

On went the bottle, floating through calm water and stormy seas. One evening, a baby shark lifted it up to see what was inside. "Human things," warned his father. "Don't eat it; it will make you sick!"

The little shark dropped the bottle, and raced off to find his friend instead.

Still the bottle drifted, carried along by the ocean tides. One afternoon, a wise old dolphin saw it in the water nearby. "Look!" she said. "I see human writing!"

Dolphins are very clever. She knew she could read the words she saw through the glass. But before she could try, her grandchild pushed his nose under the bottle. "Catch!" he shouted. A whole pod of dolphins laughed and squeaked as they passed the bottle to each other.



One stormy evening many months later, the waves carried the bottle all the way to the beach at Umgababa on the KwaZulu-Natal coast. A little later, a boy named Sandile and his family arrived there for a holiday with their cousins.

The next morning, Sandile woke up early. Usually, he hated getting out of bed. "School is so boring!" he always grumbled. "Why do we have to learn to read and write? Playing games is much more fun!" But today was different because Sandile was on holiday and he loved the beach.

Soon he was running about on the wet sand with his younger sister and cousin.

Suddenly, he noticed something floating in the shallow water near some big rocks.

"Look!" he shouted, pointing to the bottle. It had turned a little green, but Sandile could still see that there was a piece of paper inside it. "What is it?" he asked excitedly.

"Maybe it's money!" suggested his sister, Sindi.

"No," said their older cousin, Mpumi, peering at the bottle. "It looks like a letter!"

Sandile pulled a face. "BORING!" he said.

"Think about it," said Mpumi. "This letter may have travelled a very long way, and it could have been in the water for years! Let's take it home and open the seal with a knife!"

At last the bottle was open. Mpumi pulled out the letter.

"Hello," read Mpumi. "My name is Chiku. I am nine years old."

"Just like me!" said Sandile.

"Shhh!" said the others.

"I live in Mombasa in Kenya," read Mpumi.

"Where's Kenya?" asked Sindi.

"I know!" shouted Sandile. "It's far away, up the east coast of Africa! I read about it at school just last week!"

"You said that was a boring book!" teased Sindi, but Sandile didn't hear her. He was too busy reading the letter over Mpumi's shoulder.

"If you find this letter, please write back to me," read Mpumi. "Then there's an email address here," she told Sandile. "Ask your mom if you can write to Chiku tonight."

And that was how Sandile started writing to Chiku. After a few emails, reading and writing didn't seem boring anymore.


"One day, I'm going to meet Chiku," he told Sindi. "Until then, we can send emails to each other!"

And when Sandile's family went to visit their cousins in KwaZulu-Natal again, he also wrote his own letter on a piece of paper, sealed it in a bottle and threw it into the sea. He never got an answer, but he would have been very surprised to learn who found the bottle.

The dolphins had swum all the way down the coast, and were living near a tiny island. When the oldest dolphin saw Sandile's bottle floating by, she was very excited.

"Another one!" she said. "This time, I'm going to read it!" She dragged the bottle onto the beach, and stored it under a big rock.

Every day, she stares at the words she sees through the glass. She can't read them yet, but I'm sure she'll work it out soon!



Boodskap in 'n bottel

Deur Joanne Bloch ★ Illustrasies deur Jiggs Snaddon-Wood

Storie vir Internasionale Geletterdheidsdag

Storiehoekie

Dit is laatmiddag. Chiku en haar broer, Jabali, staan op die strand naby hul huis in Mombasa. Groot groen branders breek voor hulle.

"Is jy gereed?" vra Jabali.

"Ja!" sê Chiku.

Jabali haal diep asem, lig sy arm op en gooi die glasbottel so ver as wat hy kan. Dit vlieg oor die skuimende branders, blink in die sonlig en plons in die see in. Chiku en Jabali glimlag vir mekaar toe hulle omdraai en huis toe stap.

"Hoe lank dink jy sal dit neem?" vra Chiku.

"Ek weet nie!" antwoord haar broer. "Jy sal dalk baie lank moet wag, maar iemand sal dit vind! Jy moet maar wag en kyk."

Die bottel dobber weke lank op die water rond. Eenkeer swem 'n groot vis tot reg by die bottel. "Hmmm," sê sy. "Daar's iets binne-in hierdie harde borrel ... dis wit met swart krabbels daarop. Ek wonder wat dit is?"


WOES! Skielik swem 'n skool silwer vissies reg onder haar verby. Die groot vis vergeet skoon van die bottel. "Dis nou 'n gelukkie," lag sy terwyl sy agter die silwer vissies aanswem, "my middagete is hier!"

Die bottel dryf verder, deur kalm water en stormagtige seë. Een aand lig 'n klein haaitjie dit op om te sien wat binne-in is. "Mensegoed," waarsku sy pa. "Moet dit nie eet nie; dit sal jou siek maak!"

Die klein haaitjie laat val die bottel en skiet weg om eerder sy maat te gaan soek.

Steeds dryf die bottel verder en word deur die getye van die oseaan voortgedra. Een middag sien 'n wyse ou dolfyn dit in die water daar naby. "Kyk!" sê sy. "Ek sien menseskri!"

Dolfyne is baie slim. Sy weet sy kan die woorde wat sy deur die glas sien, lees. Maar voor sy kan probeer, druk haar kleinkind sy neus onder die bottel in. "Vang!" roep hy. 'n Hele skool dolfyne lag en piep terwyl hulle die bottel vir mekaar gooi.



Een stormagtige aand, baie maande later, dra die golwe die bottel al die pad tot op die strand by Umgababa aan die kus van KwaZulu-Natal. 'n Bietjie later kom 'n seun met die naam Sandile met sy gesin daar aan vir 'n vakansie by hul neefs en niggies.

Die volgende oggend is Sandile vroeg wakker. Gewoonlik haat hy dit om op te staan. "Skool is so vervelig!" mompel hy altyd. "Waarom moet ons leer lees en skryf? Dis baie meer pret om speletjies te speel!" Maar vandag is anders, want Sandile is met vakansie en hy is dol oor die strand.

Gou hardloop hy saam met sy jonger sussie en niggie op die nat sand rond.

Skielik sien hy iets in die vlak water naby 'n paar groot rotse ronddryf.

"Kyk!" skree hy, en wys na die bottel. Dit het effens groen geword, maar Sandile kan steeds sien dat daar 'n stukkie papier binne-in is. "Wat is dit?" vra hy opgewonde.

"Dalk is dit geld!" stel sy suster, Sindi, voor.

"Nee," sê hul ouer niggie, Mpumi, en tuur na die bottel. "Dit lyk soos 'n brief!"

Sandile trek 'n gesig. "VERVELIG!" sê hy.

"Dink 'n bietjie daaroor," sê Mpumi. "Hierdie brief kom dalk van ver af, en dit kan al jare lank in die water wees! Kom ons vat dit huis toe en maak die seël met 'n mes oop!"

Uiteindelik is die bottel oop. Mpumi trek die brief uit.

"Hallo," lees Mpumi. "My naam is Chiku. Ek is nege jaar oud."

"Nes ek!" sê Sandile.

"Sjijt!" sê die ander.

"Ek woon in Mombasa in Kenia," lees Mpumi.

"Waar's Kenia?" vra Sindi.

"Ek weet!" skree Sandile. "Dis ver weg, aan die ooskus van Afrika! Ek het net laas week by die skool daarvan gelees!"

"Jy't gesê dit was 'n vervelige boek!" terg Sindi, maar Sandile hoor haar nie. Hy is te besig om die brief oor Mpumi se skouer te lees.

"As jy hierdie brief vind, skryf asseblief vir my terug," lees Mpumi. "En dan's daar 'n e-posadres hier," sê sy vir Sandile. "Vra jou ma of jy vanaand vir Chiku kan skryf."

En dis hoe Sandile vir Chiku begin skryf. Na 'n paar e-posse, voel lees en skryf nie meer so vervelig nie.


"Ek gaan eendag vir Chiku ontmoet," vertel hy vir Sindi. "Tot dan kan ons vir mekaar e-posse stuur!"

En toe Sandile se gesin weer by hul niggies en neefs in KwaZulu-Natal gaan kuier, skryf hy ook sy eie brief op 'n stuk papier, verseël dit in 'n bottel en gooi dit in die see. Hy kry nooit 'n antwoord nie, maar hy sou baie verbaas gewees het as hy kon sien wie die bottel gevind het.

Die dolfyne het al die pad kuslangs geswem en woon naby 'n klein eilandjie. Toe die oudste dolfyn Sandile se bottel sien verbydryf, is sy baie opgewonde.

"Nog een!" sê sy. "Hierdie keer gaan ek dit lees!" Sy sleep die bottel tot op die strand en bêre dit onder 'n groot rots.

Elke dag staar sy na die woorde wat sy deur die glas sien. Sy kan dit nog nie lees nie, maar ek is seker sy gaan dit binnekort regkry!



Nal'ibali fun Nal'ibali-pret



1.

What's in the picture?

- How many things are there to read in the picture? _____
- Which of these things have you read before? _____

Wat's in die prent?

- Hoeveel dinge is daar in die prent om te lees? _____
- Watter van hierdie dinge het julle al voorheen gelees? _____

Write your own
International Literacy
Day message in
the banner.



Skryf jul eie boodskap
vir Internasionale
Geletterdheidsdag op
die banier.


2.

Here's a word challenge!

- Follow the rules in the box and use the letters in the word wheel to complete this word. (Two of the letters have already been used.)
m _ _ a _ _ _
- How many other words can you make following the same rules? (Remember: The letter in the middle of the wheel **MUST** be in each word!)

Rules

- Make words with two or more letters in them.
- Use each of the letters in the wheel only once in each word.
- Always include the letter in the middle of the wheel in your words.
- No proper nouns allowed.




Hier's 'n woorduitdaging!

- Volg die reëls in die kassie en gebruik die letters in die woordwiel om hierdie woord te voltooi. (Twee van die letters is reeds gebruik.)
t _ _ s _ _ _
- Hoeveel ander woorde kan julle met dieselfde reëls maak? (Onthou: Die letter in die middel van die wiel **MOET** in elke woord verskyn!)

Reëls

- Maak woorde wat twee of meer letters bevat.
- Gebruik elk van die letters in die wiel slegs een keer in elke woord.
- Gebruik altyd die letter in die middel van die wiel in jou woorde.
- Geen eiename mag gebruik word nie.



Will you be SA's next Story Bosso?
Go to www.nalibali.org or
www.nalibali.mobi to enter the
Nal'ibali Story Bosso storytelling
talent search for the chance to win
great prizes - and to find stories
in all 11 South African languages.



Visit us on Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA

Is jy SA se volgende Story Bosso?
Gaan na www.nalibali.org of
www.nalibali.mobi om in te skryf vir
Nal'ibali se Story Bosso-storievertel-
talentkompetisie en staan 'n kans om
groot pryse te wen - en om stories in
al 11 Suid-Afrikaanse tale te vind.

Produced for Nal'ibali by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SW
Sunday
World



Drive your
imagination